

## 29 Maart

Skrifgedeelte: 2 Kronieke 1:1-13

Fokusgedeelte: 2 Kronieke 1:1 en Romeine 12:1-2

# Lewende Koningskap

Hierdie eerste vier hoofstukke van die tweede boek van Kronieke vertel vir ons die baie bekende geskiedenis van die beginjare van die regeringstyd van Salomo. 'n Koning, wat sy pa, Dawid, opvolg. 'n Koning wat 'n gevestigde koningskap ontvang het, maar 'n koning wat – so lui vers 1 – eers 'n *stewige houvas* op sy koningskap gekry het. Hierdie *versterking* in sy koningskap het harde werk vereis. Die woord in die oorspronklike taal en wat hier met *stewige houvas verkry* vertaal word, dui daarop dat daar inderdaad stryd en teenstand was. Nie maar net die koningskap oorneem en agteroor sit en roem op dit wat sy pa, Dawid, vir hom nagelaat het nie. Salomo moes hard werk aan die versterking van sy koningskap. Die koninkryk was gevestig. Daarvoor het sy pa gesorg. Al die volke rondom Israel was onderwerp en as sodanig was hulle onderdanig. Vir die koninkryk was daar vrede, maar die koning moes sy koningskap versterk. In hierdie proses was daar 'n hartlikheid en openheid, en hy het met almal in Israel kontak gemaak en hulle het saam na die tent van ontmoeting gegaan. 'n Koning wat sy koningskap versterk het, wys ook dat hy deel van die volk is en saam met die volk offers gebring voor die Here.

In Jesus Christus vestig God self sy koninkryk. In hierdie koninkryk word ons geroep as Christen (profeet, priester en koning). As Christen is dit nodig dat ons in die uitleef van ons koningskap, waarin ons oor die sonde moet heers, voortdurend besig moet wees om ons koningskap oor die sonde te versterk. Dit vra harde werk, want die aanslae van Satan is erg en hy wil ons laat ontspoor. Net die Here kan ons groot mag gee in ons heerskappy oor die sonde.

Ons kan ons koningskap versterk deur besig te wees met God se Woord; biddend voor Hom te lewe en saam met medegelowiges die Here te dien. Is ons elke dag daarmee besig om, uit dankbaarheid vir dit wat die Here ons in Christus gee, as *lewende offers* (Rom 12:1) te leef en 'n *stewige houvas* op ons koningskap te kry?

Sing: Psalm 25:1 (1936)

Ds MP Fourie (Aliwal-Noord)